

Johannes 2:23-3:21 Deel 5: DIE WEERGEBOORTE

GESPREK TUSSEN JESUS EN NIKODEMUS

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Bespreek onder mekaar die vraag: "Hoeveel van julle het al die Evangelie van Johannes deur gelees?"

Bespreek onder mekaar die term: Wedergebore Christen. Hoekom moet ons 'n probleem hê met hierdie beskrywing?

Bestudeer Johannes 1:12-13 en bespreek wat is dit wat maak dat ons Kinder van God genoeg mag word?

Bestudeer Johannes 2:23-25 en bespreek hoe jy hierdie gedeelte verstaan. Dink jy hierdie 'geloof' het hierdie mense gered?

Bestudeer Johannes 3:1-5 en bespreek wat Jesus definieer as die vereiste om God se koninkryk te sien en te kan kry? Bespreek die ooreenkoms tussen Wedergebore (Johannes 3:3) en Water en Gees(Johannes 3:5)

Bestudeer Johannes 3:6-15 en bespreek hoe Jesus vir Nikodemus deur die Ou Testament skrif wil verduidelik wat wedergeboorte moontlik maak? Bestudeer ook Numeri 21:4-9

Johannes 3:16-17 is dalk oor die wêreld, vir gelowiges en nie-gelowiges die bekendse vers in Christenskap. Bestudeer ook Johannes 3:18-21 saam met hierdie gedeelte en bespreek wat Jesus vir Nikodemus probeer verduidelik

In opsomming in hierdie oomblik saam met Nikodemus, bevestig Jesus die realiteit dat 'n verhouding met God vir alle mense moontlik is, maar elkeen sal dit persoonlik moet kies. Bestuur en bespreek die volgende gedeeltes oor hoe die boodskap reg die Bybel ons aanmoedig om die keuse te maak om weergebore te wees, om God persoonlik te ken en in so persoonlike verhouding met Hom te leef:

- Deuteronomium 30:19-20
 - Josua 24:15
 - 1 Konings 8:61
 - Johannes 1:29
 - Handeling 4:12
 - Romeine 10:9-10
 - Openbaring 3:20
-
-
-
-

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.
